Graad 1

1.1. Ons visie in Graad 1

Hierdie gids vir Graad 1 is nie 'n beleidsdokument nie. Elke klas is anders, verskillende onderwysers bied vakke verskillend aan, en die riglyne wat hierin vervat is, is dus nie rigied nie.

In ons skool streef ons daarna om in Graad 1:

- kinders te ondersteun in hul aanpassing in Graad 1, en hul unieke potensiaal ten volle te ontwikkel.
- 'n sterk grondslag te lê in Taal (lees en skryf), en Wiskunde.
- kinders se sterk en minder sterk punte te ontdek en daarop voort te bou.
- gelukkige, trotse en geborge Jannies te ontwikkel.

1.2 Assessering in Graad 1

(Sien asseblief die Akademiese- en assesseringsbeleid op die webwerf vir meer besonderhede: http://www.jvrprim.co.za/files/Akademiese%20en%20Assesseringsbeleid.pdf)

Ons volg die amptelike beleid (KABV) se assesseringsprogram. Assessering is 'n integrale deel van die onderrigsiklus, omdat dit aan onderwysers uitwys waar daar probleme is wat aangespreek moet word.

Assessering is meestal informeel en deurlopend van aard. Een- of tweemaal per kwartaal is daar 'n formele assessering wat deur die onderwyser opgeteken moet word.

Dit is nie nodig om spesifiek vir assesserings voor te berei nie – die gereelde voltooiing van huiswerk dien as deurlopende voorbereiding daarvoor.

1.3 Huiswerk in Graad 1

- 'n Huiswerkboek word voorsien, en dit dien ook as kommunikasiemiddel tussen ouers en onderwysers.
- Huiswerk word van Maandae tot Donderdae gegee; ouers moet die boek daagliks teken.
- Huiswerk is net vir vaslegging van klaswerk - alles is reeds in die klas behandel. Sekere afdelings is suiwer 'indrilwerk' wat geleer moet word, bv. kombinasies by Wiskunde en klanke in Taal.
- Probeer om elke dag op dieselfde plek huiswerk te doen. Teloefeninge en hoofreken kan ook in die tuin, kar of bad gedoen word!
- Huiswerk behoort nie veel langer as 20 minute te neem nie.
- Die volgende afdelings word gedek deur die daaglikse huiswerk:
  - Lees: Die kind moet hardop voorlees vir die ouer - werk aan vlotheid en begrip. Sleutelwoorde moet daagliks hersien word.
  - Wiskunde: Teloefeninge, kombinasies, wiskundige begrippe.
  - Klanke: Moet skriftelik geoefen word.

1.4 Ouers se rol in Graad 1

- Maak seker dat jou kind genoeg slaap - ‘n goeie nagrus is baie belangrik.
- Probeer hou by ‘n roetine (dieselfde tyd eet, bad, bed toe, ens.)
- Probeer om hul skooltas reeds in die aand te pak en klere uit te sorteer - leer hulle om mettertyd self verantwoordelikheid te neem vir sekere take.
- Pak ‘n gesonde kospakkie skool toe in.
- Motiveer jou kind om net sy of haar beste te lewer.
- Prys jou kind, beide vir die harde werk wat hy of sy insit, sowel as vir prestasie.
- Waardes soos respek vir alle mense en mooi maniere, moet by die huis begin.
- Wees positief teenoor die skool en onderwysers, en moenie personeel bespreek voor die kinders nie.
- Kontak die onderwyseres dadelik as jy enige ongelukkigheid of probleem by jou kind sien.

1.5 Kinders se rol in Graad 1

- Hulle moet ‘n positiewe gesindheid hê teenoor leer, die skool, hul onderwyseres en maats.
- Hulle moet almal om hulle respekteer.
- Hulle moet trots voel op hul werk en elke dag net hul beste lewer.
- Hulle moet netjiese skooldrag dra en trots wees daarop.
- Hulle moet lojaal wees teenoor die skool - ‘n ware Jan van Riebeecker word al in Graad 1 gekweek!

1.6 Onderwysers se rol in Graad 1

- Pas dissipline konsekwent toe.
- Bied ‘n stimulerende, kreatiewe leeromgewing vir elke kind.
- Behandel elke kind as ‘n individu - almal is nie op dieselfde vlak nie.
- Kommunikasie met die ouers oor enige probleem wat die onderwyseres waarneem.
- Stel ‘n voorbeeld vir die kinders en respekteer en wees lief vir elke kind as mens.

1.7 Addisionele klasse in Graad 1

- In Graad 1 help die klasonderwyseres self die kinders wat in sekere vakke sukkel. Die kinders word individueel gehelp, óf na skool, óf in klastyd.
- Indien die onderwyseres groot leerprobleme vermoed, verwys sy die kind na die skoolsielkundige waar daar toetse afgelê word en die probleem geïdentifiseer word. Vandaar word professionele hulp dikwels aanbeveel om die probleem aan te spreek, bv. spraakterapie of arbeidsterapie.

1.8. Die kurrikulum in Graad 1

Volgens die Kurrikulum –en assesseringsbeleid is daar vier vakke in Graad 1:

- Huistaal (Afrikaans)
  - Luister en Praat

- Lees en Klanke
- Skryf en Handskrif (Die Taalprogram word met al die ander vakke geïntegreer.)

Die aanleer van klanke, praat en lees is ons fokuspunt. Klem word gelê op klanke en lees word in sinsverband met die belangrikste sleutelwoorde aangeleer. Die belangrikste is dat hulle moet kan suiwer praat, lees, spel en sinne skryf teen die einde van Graad 1.

- English First Additional Language
  - Listening and Speaking
  - Reading and Phonics
  - Writing and Handwriting

Praat en die uitbreiding van die Graad 1's se Engelse woordeskat is ons fokuspunt. Lees word informeel aangeleer – daar is geen formele aanleer van klanke en sleutelwoorde nie.

- Wiskunde
  - Getalle, bewerkings en verwantskappe
  - Patrone, funksies en algebra
  - Meting
  - Datahantering

Alle Wiskundige begrippe word eers konkreet aangeleer, dan semi-konkreet. Getalbegrip is 'n baie belangrike aspek wat elke Graad 1 onder die knie moet hê. Baie belangrik is die aanleer van kombinasies, tel, wiskundige begrippe soos voor, na, tussen, meer, minder, plus, minus, =, ens.

- Lewensvaardigheid (Aanvangskennis, Persoonlike kennis, Skeppende Kuns en Liggaamlike Opvoeding)
  Lewensvaardighede is die middelpunt vir die holistiese ontwikkeling van leerders. Die volgende areas is deel van Lewensvaardigheid:
  - Aanvangskennis
  - Persoonlike en sosiale ontwikkeling
  - Skeppende Kuns, Drama en L.O.

  Met Rekenaarvaardighede en Kuns roteer die helfte van die klas, met ander woorde hulle het elke 2de week Rekenaars en Kuns vir 'n uur. Daar is ook weekliks 'n LO-periode vir 'n uur.

  Rekenaars, Kuns, Drama en LO word deur vakspesialiste aangebied.

  Die Graad 1's besoek ook weekliks die biblioteek waar hulle voorgestel word aan biblioteekpraktyk. Hier word hulle ook voorgestel aan basiese isiXhosa deur middel van liedjies en rympies.